

30 Julie

Johannes 8:31, 36

Ons vryheid in Christus

Die Here sê hier in Johannes 8:31 vir ons dat alleen sy waarheid ons kan vry maak. In Johannes 8:36 sê Hy die Seun maak ons vry. As jy 'n kind van God is, het God jou vrygespreek van sonde. Jy is verlos van die ewige dood en jy het die ewige lewe uit genade ontvang. Jy is soos iemand wat uit die tronk vrygelaat is deurdat iemand anders bereid was om jou skuld te betaal en in jou plek veroordeel te word. Daardie iemand was Jesus Christus, die Seun van God.

Maar nou is daar baie van ons wat nie hierdie vryheid in ons daaglikse lewe beleef nie. Ons beleef baie dinge wat ons vryheid aantast: Onverwerkte hartseer en traumas; sonde en skuld; depressie en angs; verskeurde verhoudinge en bekommernis en wanhoop, ens. By dit alles kom die aanvalle van die duiwel wat hierdie dinge misbruik om ons vryheid te blokkeer. Maar, ons kan van persoonlike en geestelike probleme vry word deur die voltooide werk van Jesus Christus en God se teenwoordigheid in ons lewens. Christus is ons **enigste** hoop (Kol. 1:27) en net Hy kan ons diepste behoeftes - aan aanvaarding, menswaardigheid, 'n realistiese selfbeeld en sekuriteit, vervul.

Jesus, ons Here, is die wonderlike Raadsman wat ons help om so na ons sonde te kyk dat ons ons sonde kan bely en daarmee breek. In 'n ontmoeting met Hom kom daar ware berou in ons harte en ons leer die waarheid ken. Dit is Christus self wat jou vrymaak deur die geloof.

Baie mense beleef vir die eerste keer die wonderlike vryheid wat Christus aan die kruis vir hulle gekoop het wanneer hulle gehelp word om hulle sondes te bely en God se waarheid te glo. Hulle ervaar werklik die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan en oor hulle harte en hulle gedagtes waghou (Fil. 4:7).

Sing: Psalm 146:1, 5

Dr. G.C.P. Labuscagne (Bloempark)